NG Kerk | Vrystaat *Eenheid vir Ondersteuning*

Aansoeke word ingewag vir die pos van

Direkteur: Eenheid vir Ondersteuning

By die Sinodale kantoor, NG Kerk Vrystaat te Bloemfontein.

Posvereistes:

Die minimum kwalifikasies waaroor die suksesvolle kandidaat moet beskik is ‘n B-graad in Finansies of Bestuur, of ‘n gelykwaardige kwalifikasie.
Bewese ondervinding in ‘n kerklike of soortgelyke omgewing sal as ‘n sterk aanbeveling dien.
Dit is ‘n vereiste dat die suksesvolle kandidaat oor bepaalde bestuursvaardighede moet beskik.
Die persoon moet ‘n toegewyde en meelewende lidmaat van die NG Kerk-familie wees.
Daar kan van kandidate verwag word om psigometriese toetse te ondergaan.

Posbeskrywing:

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees:

- Vir die oorhoofse bestuur van die Sinodale Kerkkantoor;
- Vir die bestuur, maksimale aanwending en ontwikkeling van die personeel van die Sinodale Kerkkantoor;
- Om op te tree as skakel tussen leraars, Kerkrade en die Sinode;
- Om toe te sien dat alle verskuldigde sinodale- en eweredige-bydraes van gemeentes gevorder word;
- Om Sinodebesluite wat betrekking het op die Eenheid vir Ondersteuning uit te voer, of te laat uitvoer asook
- om leiding te gee in die visioenering en herstrukturering van Sinodale werksaamhede.

Die suksesvolle kandidaat moet oor ‘n goeie kennis beskik ten opsigte van die bestuur en administrasie van onder andere:

- Pensioenfondse
- Beleggings
- Mediese Fondse
- Eiendomme

Datum van diensaanvaarding: 1 Augustus 2014.

Aansoekbriewe vergesel van ‘n volledige CV moet vóór of op 14 April om 12:00, op een van die volgende wyses ingehandig word:

- Elektronies aan fin@ngkvs.co.za
- Skriftelik, gerig aan die Direkteur: Eenheid vir Ondersteuning, NG Kerk Vrystaat, Posbus 11412, Universitas 9321, of
- Persoonlik, in ‘n verseëlde koevert, by die Sinodale kantoor, Van Heerdenweg 20, Bloemfontein.

Enige navrae, ook ten opsigte van die vergoedingspakket, kan gerig word aan:

Dr Pieter van Jaarsveld by 082 582 5702
Of
Dr Leon Foot by 083 503 6674

Die Raad van Eenheid vir Ondersteuning behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te maak uit die aansoeke wat ontvang word nie.